



Litera

GEDIGTE

Heilna du Plooy

- | | |
|----------|-----|
| Dom vrou | 147 |
| Semiose | 149 |

Wena Maartens

- | | |
|---------|-----|
| Batseba | 150 |
|---------|-----|

Etienne Terblanche

- | | |
|----------------------------|-----|
| nog nuus uit die binneland | 151 |
|----------------------------|-----|

Erika Ochse

- | | |
|-----------------------|-----|
| ideologiese chirurgie | 152 |
|-----------------------|-----|

Marius Crous

- | | |
|-------------------|-----|
| Skedelskap-siklus | 153 |
|-------------------|-----|

Elise Calitz

- | | |
|---------------------------|-----|
| Haikoes: Stilbaai mosaïek | 156 |
|---------------------------|-----|

Ray Hattingh

- | | |
|------------------------------------|-----|
| Translation of T. T. Cloete's poem | 157 |
|------------------------------------|-----|

KORTVERHALE

Andries Breytenbach

- | | |
|--------------------------|-----|
| Die wegstap | 159 |
| Sprokie vir 'n stadskind | 163 |

Winnie Rust

- | | |
|-----------------|-----|
| Queen Elizabeth | 169 |
|-----------------|-----|



Die rubriek *Litera* word finansiëel gesteun deur/
The section *Litera* is financially supported by
National Arts Council
Nasionale Kunsterraad

Rubriek vir skeppende werk

Litera is 'n rubriek vir die publikasie van skeppende werk in al die tale wat gewoonlik in *Literator* gebruik word. Die Redaksie wil daarmee 'n geïntegreerde beeld skep van die verskeidenheid nuwe skryfwerk wat Suid-Afrikaanse skrywers kan bied.

Die Redaksie kan met vreugde aankondig dat 'n kontantprys toegeken gaan word aan die beste bydraes in die loop van 'n jaar. Een prys sal toegeken word vir die beste bydrae deur 'n debutant en 'n tweede vir die beste bydrae deur 'n meer gevestigde skrywer.

Skrywers word daarom uitgenooi om korter skeppende werk voor te lê vir plasing in hierdie rubriek. Dit kan gedigte of kortverhale wees, maar drama- of romanfragmente en eksperimentele tekste is ook welkom. Bydraes word deur die redaksie gekeur, maar geen korrespondensie kan daaroor gevoer word nie. Vier kopieë van elke bydrae, in dubbelspasiëring getik, moet voorgelê word. Die naam en adres van die insender moet regs bo-aan die eerste blad van gekramde tekste en op elke los vel vermeld word. Verstrek ook 'n telefoonnommer, faksnommer en e-posadres waar u bereik kan word.

Stuur alle bydraes aan die Hoofredakteur, *Literator* (629), Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte, Privaatsak X6001, Potchefstroom 2520.

Section for creative writing

Litera is a section for the publication of creative writing in all the languages that *Literator* usually caters for. Through this section the Editorial Board want to present an integrated image of the diversity of new writing by South Africans.

The Editorial Board is pleased to announce that a cash prize will be awarded for the best contributions for a specific year. One prize will be awarded for the best debut contribution and one for the best contribution by a more established author.

Writers are therefore invited to submit shorter creative work for publication in this section. Poems and short stories are welcome, but also play and novel fragments and experimental texts. Contributions are refereed by the Editorial Board, but we cannot enter into correspondence about the work submitted. Four copies of each contribution, typed in double spacing, should be submitted. The name and address of the author should appear at the top right of the first page of stapled text and on every loose sheet sent in. Please include a telephone number, a fax number and an e-mail address where you can be contacted.

Send all contributions to the Editor-in-Chief, *Literator* (629), Bureau for Scholarly Journals, Private Bag X6001, Potchefstroom 2520.

Dom vrou

'n Betoog van akademiese belang

Vanuit die mites, vóór die tyd
van die begin af weet ons van die sterkes.
O, dié wat mag begryp was dáár
in die eerste uur van die eerste stryd.

Jong Arthur was opreg oor die etiek begaan:
hy weeg: eers “Mag is reg”, toe “Reg is mag”.
Hy het hard probeer, toe snap hy: “Mag vir reg”!
Hy het wel iets van koningskap verstaan.

Groot geeste bly die saak bepraat,
maar van Merlyn tot by Calvin,
– lees ook weer Marx, onthou Foucault! –
wikkel woorde op die snykant van die swaard.

'n Wedloop op gelyke vlak, gelyke voet
is immers vóóraf, in beginsel, al gefnuik,
meer nog, as die dommer deelnemers
beproeft wapens nie gebruik.

Te laat begryp ek waar my mag kon lê:
in mooi gepunte ronde borste,
kurwes, kuite, stoute oë, skelm lag –
vergeet die brein, skuif alles laer af.
Dit help nou veel om met myself te raas,
ek is, mits Arthur in sy droom kon slaag,
'n dubbel handvol eeue misgeplaas.

Naïef het ek my handskoen neergegooi, gedink:
kies julle maar die wapentuig:
pistole, swaarde, woorde –
soos die slim gras voor die wind
sal ek voor julle keuse buig.
Ek sal die spel op julle terme speel
want dis die spel self wat my bloed laat bruis.

Die handskoen is nooit opgetel,
nie juis geminag nie,
net nooit geregistreer
as sogenaamde magtiges afstandelik
en onnadenkend bo-oor tree.

Dus,
sonder oorlog,
sonder stryd,
klim ek,
ongemoker
maar oorwonne,
uit hierdie kryt.

Heilna du Plooy

Semiose

die son hou die gesig
daglank op hom gerig
hy krink die geelgesoomde kop
die swart oog hou hom dop
die blom word teken van die son

geel en oker geknakte ikone
merk 'n moeisame lewenstog
elke bonkige sonneblom
is teken van Van Gogh

die suising van die sterre
word deur die oorskulp ingesuig
die kosmos swik, swik en kantel
soos die kurwe van die kraakbeen buig
die oor, vermink, word indeks van verrukte dink

aan elke kolk van kleur
is hy wankelend verknog
elke ferm kwashaal verf
is triomfantelik Van Gogh

Batseba

U het die samesmelting van die saad en sel geseën
instemmend aan die vlees en been gesmee
en iewers in die vloeiing van kontoer en vou
die smet van die verleiding ingebou

U is dit wat die veerkrag in die voetval wil
wat bors en heupe met 'n sagte rondheid vul
haar gees gedwee maak om u wette toe te pas
om maandeliks die vloei van vrou-wees weg te was

U weef woestynwind deur vertrekke waar gesluimer word
bring onrus in die hart
en jaag die koning op en uit
om van die dak af te begeer en toe te eien

Aan U bely hy, word deur U vergeef
U neem die seun maar die oortreder leef!
Die vrou verworwe (sonder wense of verdriet)
verswyg verlange na haar kind en die Hetiet

Etienne Terblanche

nog nuus uit die binneland

langs 'n jong ouhout tussen steenpienk veldgras
omring met verrottende blare
in 'n lighoofdige waas goudgeel krone
staan voor jou 'n geringe engel

sy leun konkreet lig vooroor
in die eerste dowwe sug van die bergwind
wat vanaand nog die hele nag lank
jou hartsnare seer gaan pluk

my bos goudgeel sewejaartjies
in hierdie binnelandse uithoeke
van die bonkige oos-vrystaat
asemrowend helder onder die fris
golwende metaalsterk strome lig
van jong helios

ja, ek vat die graaf
en sak teen die helling af
en spit een keer raak
langs haar hemelgroen stingels
in die swartland in

en lig die blok modder
met haar sag en mooi in
'n klam goingsak en

bring haar boontoe, huis toe
verplant haar versigtig ferm
bo in die tuin in 'n beskutte plek
tussen sandstene gerangskik
soos 'n monsteragtige mandalablom

so is die engel uitgehaal
(onskuldig deur 'n tuinkind)
so die ruikgrond omgekeer
om te troos teen wind en weer

ideologiese chirurgie

om reg of verkeerd
ideologies te bepaal
klaar gebak soos 'n koek
(jy kies en sluk gedagteloos
terwyl jy die hart negeer ...)

herinner aan 'n stukkie
mediese geskiedenis ...
Billroth se keer vir sny-aan-die-hart
om aansien te behou
of innovasie

wat teen tradisie in dink en vra
defektiewe kleppe kán herstel
– via chirurgie –
kinders met 'n oop duktus*
mág oorleef ...

wie kon toe
die rewolusie van die lewe stuit
want nie eers twintig jaar
voor die eerste hartoorplanting nie
kom Gibbon met 'n hart-long-masjien ...

en nou weet die letsels
oor jou bors en bene
waar 'n liberale hartomleiding
die dood se greep losgedwing het
nie van reg of verkeerd nie
maar alles van sin

* Duktus – 'n aar wat die fetus van suurstof voorsien. By sommige babas sluit hierdie aar nie na geboorte nie.

Marius Crous

Skedelskap-siklus

For every victim who had an Afrikaner surname on her lips

I

in hierdie land word mans se hande
afgekap en gebêre in 'n bottel
in hierdie land word mans
oor oop vure gebraai
terwyl die maghebbers dronk word
in hierdie land word kinders
op hul moeders se rûe geskiet
as hulle glo trap op heilige sand
in hierdie land sterf vroue
sommer net so
in hierdie land is soveel kerke
soveel kerktorings soveel dominees
soveel uitleggers van versoening
soveel skole vir godsgeleerdheid
soveel mense op hul knieë
 forgive us
 forgive us
 forgive us
you whom we have wronged please

II

van ons plaaslike korrespondent
ons neem waar deur 'n eenrigtingruit
ons sien hulle goddank hulle ons nie
'n naakte vrou oopgespalk
oor 'n staatsdienslessenaar
'n man met te groot stewels vir sy voete
druk 'n lang knuppel in haar op
knyp haar tepels in die laai vas
gooi emmers water oor haar uit
 ek sluk swaar

uit hierdie vreemde ritueel
mag mens geen verse maak
deur die glas gil die vrou
die knuppel kneus
op haar sagte nek
sy stewel
my middelvinger tas teen die ruit
my asem hortend
in die kamer agter glas klap
die vrou se kop op die sement
is alles oor neem die man
sy baadjie en steek sy sigaret op
hy knik
hy wag vir ons applous

III

op die nuus om agt
sit die handlanger van die ou regime
'n rooi neus aan
en verf 'n traan op sy wang
hy vertel die verhaal van die man
wat papegaai wou speel het son toe
maar seepglad gevlieg het sonder vlerke

IV

... weil der Photograph / Hinter der Hecke stand , das Auge der Welt.
Marie-Luise Kaschnitz

hy wat die bom op hirosjima gegooi het
is glo mal
glo in 'n klooster opgesluit
weg van die wêreld
glo dalk heel normaal
soos enige pa
maar wat van hom
wat na donker huise se deure inskop
wat oumas uit hul beddens pluk
wat teiken skiet na skoolkinders
wat mans sonder vlerke laat vlieg
sit glo nou in 'n kantoor
gaan glo vir terapie op staatsonkoste
blokkeer die gille die vingers sonder afdrukke

vertel hy was glo net 'n marionet
 wat sonder brein moes *rap*

V

in hierdie wonderland
 waar salvador dali god is
 magritte regeer ou generaals eenoog
 vanaf seiljagte ons met narrewales vermaak
 kwyl die dood met sy blonde kuif sy lunch
 ingestop in ck jeans vir 'n mik om af te suig

VI

*Hierdie land leer ons / die topografie van geweld, / hierdie land se paradokse / skep bitter
 verse uit vrese.*

Joan Hambidge

ek wou eers dig oor ikone
 weer eens marilyn monroe oopspalk
 uitstal in allitererende binnerym
 dan oorslaan na die private pyn
 wat die self beplek
 o heer laat boetman vanaand weer beur
 teen die gesplinterde klerekasdeur
 maar skaamte en skande groei
 'n vreemde landskap uit my skedel
 die ellende van magteloos bloos
 oor afrikaanse name op die lippe
 van sterwende swart vroue
 dring my tot roekelooster wantroue

VII

hierdie gedig sou kon begin
mandela is my herder
 hy's die vader van vergifnis
 op sy skouers rus
 die sondes van die hoeders
 die vetgebraaides in paleise
 wat kom ek kort
 nee
die ou gryse stap uit in goud
 die order of merit om sy nek
 langs hom beef die empire

sy hou die wêreld van haar lyf
met haar handsakkie
ek vrees egter die venyn van ander
wat kla oor tackygeit en kitsj
bedink myself volstaan
mnr mandela

die jammerskaam verteer ons
jaag siedend deur ons drome
fluister ons name bedags op straat
snuif snags aan die deure
gee u vir ons die absolusie

(vir W.S)

Elise Calitz

Haikoes: Stilbaai mosaïek

Die see trek hom toe
onder 'n grys duvet
die vis kry hul lê.

Die maan lig sy hoed
vir die bruisende branders
Wagter praat maan toe.

Die gesteun in die nag
in 'n wintersee
saggies dein die kraambed.

Ray Hattingh

Translation of T.T. Cloete's poem:
"Behoeftte aan ongunstige weers-
en ander omstandighede"

A Need for Unfavourable Weather and Other Circumstances

This country has too many
rich farmers with Ford
and Fordson too many half educated sporting students
study at too many universities with too many social academics
too profuse are the summer days and too short
the winters threadbare the autumn and false the spring.

This country has too vast an interior too many elephant and lion
and too few waterbirds too few lakes and cold pools
with swans nothing disturbs
the rugby-ball sun when they barbecue it
never snows no mist swirls
like milk against the windowpanes no fairy tales
happen in woods. There are too many newspapers
and newspaper stars like whores and murderers
too many un-monarchial queens and drum majorettes
too many carousing news-idols too many repetitive
superficialities too many paramours
and ministers with their deputies and other snobs.

There are too few paintings and books
and too few wintry fireplace months the sun
shines continuously there is no imaginative changing
of seasons and opinions no dark corners
against storms too few storms too far apart
lie heaven and earth interspersed with too much good weather.

Behoeftte aan ongunstige weers- en ander omstandighede

Die land het 'n te veel
aan ryk boere met Ford
en Fordson te veel halfgeleerde sportiewe studente
studeer aan te veel universiteite met te veel sosiale personeel
te veel is die somerdae en te kort
is die winters dun is die herfs vals die lente.

Die land het te veel binneland te veel olifant en leeu
en te min watervoels te min mere en koue poel
met swane niks steur
die voetbalson nie as hulle vleis braai sneeu
dit nooit geen mis spoel
soos melk teen die ruite nie geen sprokies gebeur

in woude nie. Daar is te veel koerante
en koerantsterre soos hoere en moordenaars
te veel onmonargale koninginne en trompoppies
te veel annalante joollieste te veel sonnante
mercedese te veel minnaars
en ministers met hulle adjunkte en ander snoppies.

Daar is te min skilderye en boeke
en te min koue en kaggelvuur maande aanmekaar
skyn die son daar is geen verbeeldingryke ommekeer
van seisoene en menings nie geen donker hoeke
teen storms nie te min storms te ver uitmekaar
lê hemel en aarde met tussenin te veel mooi weer.

T.T. Cloete

Die wegstap

Diena sou nie die wiel uitgevind het nie en sy sou ook nie eerste geeindig het in die mejuffrou Suid-Afrika-kompetisie nie. Maar Diena het 'n wegstap aan haar gehad wat vir baie ander dinge vergoed het.

Polla was op daardie stadium van 'n man se lewe wanneer die vlees belangriker is as die gees. Hy het Diena by die dorp se swembad gesien in 'n tweestuk. Dié geel deurtrekkertjie het niks aan die verbeelding oorgelaat nie. Nou nie dat Polla se verbeelding iets nodig gehad het om aan homself oorgelaat te wees nie. In elk geval nie as jy so 'n deurtrekker en so 'n wegstap bymekaar het nie.

Die twee is, soos Polla se ma gesê het, net betyds getroud. Die baba is agt maande en twintig dae later gebore. En dié knapie het nog nie eers onder sy bene deur geloer nie, toe is die tweede enetjie al op pad.

Diena was 'n goeie vrou. Haar huis was netjies, sy en die kinders was altyd skoon, en sy het vir Polla in alles getrou bygestaan. Sy het haar nog gehou by wat die ou huweliksformulier oor die vrou sê.

Binne vier jaar het die chroniese swangerskap, die goeie kos en die warm slaap hulle tol begin eis. Diena se wegstap het algaande in 'n soort wydheid verander. Een van die manne wat een aand na die rugby liggies gespat was, het vir Polla gevra hoe voel dit om by 'n gewyde vrou te slaap. Na die geboorte van die derde kind was sy so swaar van lyf dat Polla se pa gesê het hy weet waaragtig nie hoe kry sy skoondogter haar gebeente in die Volkswagentjie wat haar ma vir haar geeë het nie.

En so begin Polla sy smaak vir haar verloor. Oor die kleinste foutjie wat sy maak – en daar is nie baie nie – gaan Polla te kere soos 'n bantomhennetjie met kuikens. Hy raas en bevlieg haar asof sy 'n muishond is. Diena verdra dit alles met geduld.

Op 'n dag vergeet sy om vir Polla padkos in te pak toe hy sy pa se beeste in die Bosveld gaan spuit. Sy het die vorige nag nie goed geslaap nie. Die kinders het pampoentjies gehad, en sy moes kort-kort vir hulle opstaan.

Daardie aand is hy tierend. Hy beledig haar. Met venyn in sy stem vra hy: “Is dit vir jou lekker as die onnosselheid jou so opneuk? Dis nie genoeg dat jy soos ’n seekoei lyk nie. Nee, jy begin sommer vroeg-vroeg met Alzheimer ook. Ek wil vir jou een ding sê, vroumens: ek is gatvol daarvoor om saam met so ’n drilsel soos jy te lewe.”

Diena sê niks. Dié nag gaan slaap sy nie. Sy maak eers die huis netjies skoon en sorg dat alles op hulle plek is. Dan pak sy haar en die kinders se goedjies en laai dit in die Volkswagen. Die kinders is nog deur die slaap wanneer sy hulle vroegoggend in die kar laai en dorp toe ry.

Polla kry die briefie op die kombuistafel as hy gaan koffie soek:

Polla,

Ek gaan terug na my ma toe. Ek sal jou nie langer teister met my domheid en my lyf nie.

Diena.

Die week daarna breek daar ’n klomp goed in Diena. Maar daar kom ook ’n paar dinge in haar los. Toe sy klaar gehuil het, weet sy presies wat sy wil doen: sy wil maer word en met ’n loopbaan begin.

Sy kry werk by die apteek. Met dié dat haar ma die kinders versorg, kan sy ’n vol dag se werk insit. Sommer die tweede week al ontdek sy dat daar geld wegraak uit die kasregister. Sy sê dit vir die eienaar. Hy ondersoek die saak en krap toe ’n hele katnes oop: een van die werkers wat die langste daar is, verduister maandeliks honderde rande.

Diena kry die volgende maand ’n stewige verhoging. Sy begin die dieetprogram volg van een van die maatskappye wie se produkte hulle verkoop. Sy sluit ook by die gimnasium aan. In ’n paar maande se tyd raak sy rietskraal. Met die geldjies wat sy elke maand oor het, koop sy vir haar moderne klere. Dit gebeur al hoe meer dat die mans haar agternakyk as sy so wegstap in die straat.

So met die kuier by die kinders kom Polla ook die ding agter. Hy raak opmerklik vriendeliker met haar. Een aand laat kom hy vol moed daar aan na ’n rugby-onthaal. “Dienkie,” sê hy, “jy lyk nou mos vir my weer soos die meisiekind op wie ek verlief geraak het. Jy en die kinders kan gerus weer op die plaas kom bly. Die oes lyk goed vanjaar.”

“Dankie, Polla,” sê sy, “maar ek verkies om dit nie te doen nie. Jy sien, ek is bang ek word weer vet. Buitendien het ek nog nie slimmer geword nie.”

Diena se gedaantewisseling trek ook die aandag van die verspreiders van die dieetprogram. Hulle maak haar ’n werksaanbod. Sy aanvaar dit en trek stad toe.

Sy vaar besonder goed met die bemerking van die produk. Op die driemaandelikse prysuitdeling van die maatskappy stap sy met die louere weg. Sy word verplaas hoofkantoor toe. 'n Jaar later is sy 'n vennoot in die maatskappy.

Polla raak intussen deurmekaar met 'n rookop-latlyfie op die dorp. Sy sien in hom die moontlikheid om 'n bietjie status te kry. Getrou aan haar aard speel sy toe die afvlerkduifie: vertel vir Polla hoe harteloos haar man was en hoe hy haar verniel het. Sy sweep Polla die eerste aand so op dat hy buite homself is. So hittete of hy klim net daar in sy kar en loop moer haar gewese man. Sy bedwing hom gelukkig, sê vir hom dat sy die hele saak pas emosioneel verwerk het en nie kans sien daarvoor om ooit weer die man te sien of enige iets van hom te hoor nie. Buitendien is hy wat Polla is emosioneel so sterk dat haar hele uitkyk op die lewe verander het. Sy glo sy kan nou met sy hulp positief vorentoe gaan.

Hulle gaan toe positief vorentoe: nadat Polla bedaar het, vry hy sommer daardie eerste aand al al haar nagemaakte pêrels van haar nek af. Daarna is hy elke aand by haar. Getrou aan sy aard koop hy met die oes vir die klein merrie alles wat sy wil hê. Omtrent 'n kwart van die oes is in haar in. Dis nie al wat in haar in is nie. Sy het hom kaal uitgetrek nog voordat hulle getroud is. Polla moes met geleende geld die ringe koop en vir die onthaal betaal. Toe die droogte die jaar daarna toeslaan, is die skrif aan die muur. Sy verlaat toe maar die sinkende skip met juwele en al.

Die dag met die vendusie kom Diena se sekretaris daar aangery. Hy gee die brief vir Polla:

My arme gewese man,

Ek stuur my sekretaris om die plaas te koop. Ek is van plan om dit vir die kinders in trust te hou. Hy sal ook die meubels koop en dit ná die tyd vir jou teruggee. Jy kan verniet aanbly op die plaas as jy wil. As jy ander planne het, moet jy my laat weet. Van meubels gepraat: ek wou vir jou ander dag toe jy hier was al iets gesê het. 'n Goeie vrou is soos 'n antieke koperbed. As jy daaraan aandag gee, is dit 'n pragstuk. As jy dit nie doen nie, lyk dit verwaarloos. Dis jammer dat party mans dit nie verstaan nie. Wat ek nie kan verstaan nie, is dat 'n man kan besluit om sommer op 'n ou smal bedjie te slaap wat hy tussen die cheapies opgetel het op 'n vendusie. Ek stuur vir jou 'n foto saam van my en die kinders. Ek het dit die ander dag in 'n laai ontdek. My ma het die foto geneem 'n paar dae voor die kinders pampoentjies gekry het.

Groete,

Diena.

Sprokie vir 'n stadskind

Die skool en koshuis lê noord van die Magaliesberg. “Hawe vir verwaarloosde kinders”, noem die mense dit. Niemand bring sy eie kind daarheen nie. Die welfare vat altyd ander mense se kinders en sit hulle in die koshuis.

Soos klein Hansie. Hy kom uit 'n goeie geslag. Sy oupa Hans na wie hy heet, het nou wel jonk uitgeboer in Lichtenburg se wêreld. Maar wie het nié uitgeboer in '33 nie? In Pretoria moes sy oupa Hans en ouma Anna al twee van lig tot donker werk om die pot aan die kook te hou. Sy pa, Hendrik, of Hekkie, soos hulle hom ook noem, moes maar van kleins af self regkom. Eers by die ou kruppel antie op die hoek wat so baie rook. Later sommer alleen of saam met die skoolmaatjies.

Hansie se ma, Grieta, is 'n goeie mens. Maar met dié dat sy vallende siekte kry, kon sy nie verder leer as standaard ses nie. Haar ma-hulle was maar te bly toe Hekkie haar vat.

Hendrik is 'n messelaar. Hy het nie altyd werk nie. Veral nie vandat die bruin mense uit die Kaap so volop is in Pretoria nie. As Hendrik werk het, kry hy Vrydae pay. Vrydagaand, as hy by die huis kom, is die helfte van die pay al uit. Dan is Hendrik 'n moeilike man.

Grieta probeer altyd om baie vriendelik te wees, veral as Hendrik pay gekry het. Sy behandel Hendrik soos 'n koning. Anders kry sy sommer slae en niks van die pay nie. En as sy dalk val, los hy haar net so tot sy self weer regkom of Hansie haar gesig afvee.

Grieta het gaan vra die welfare moet help dat sy medisyne kan kry om nie so baie te val nie. Hulle hét gehelp. Maar toe hulle die derde keer daar kom, het hulle gesê hulle gaan vir Hansie wegvat koshuis toe. Hulle het gesê dis beter so.

Hendrik was die bliksem in. “Wat se soort opvoeding gaan my kind daar kry?” het hy vir die vrou van die welfare gevra. “Ek weet wat dit is om bedags sonder 'n pa en 'n ma te wees. Ek sal my kind self grootmaak, al eet ons net droë brood. Julle sal hom not 'n donner hier wegvat.”

Die polisie moes toe die vrou van die welfare kom help.

Dit was Dinsdag. Hendrik het daardie week werk gehad. Die Vrydagaand na hy sy rondte gedoen het, haal hy dit op Grieta uit. Dis mos sý wat die welfare laat kom het. Dis oor háár wat hulle sy enigste bulletjie weggevat het. Hy moer haar tot sy skuim om haar mond het en laat haar net so lê.

Die volgende môre sê hy vir haar: “Jy sal van my nie een donnerse sent kry voor my bulletjie terug is in die huis nie. Jy kan maar strate toe gaan of vrek; ek gee nie ’n moer om nie.”

Hansie het mooi gekyk hoe ry hulle na sy nuwe woonplek toe. Al was hy net sewe, het hy geweet, as hy oor die Magaliesberg loop, sal hy by Mountain View uitkom. Daar ken hy al die strate.

Die eerste paar dae is hy baie stil. Toe een van die ander kinders vir hom vra wat se werk doen sy pa, sê hy sy pa is ’n polisieman. Hy help siek vrouens en honger kinders.

Die Vrydagaand verlang hy vreeslik na sy ma. Hy wonder so of sy pa pay gekry het. Eers hoop hy sy pa het nie pay gekry nie. Later glo hy dit vas. Dis toevallig die aand wat sy pa so ontsteld is oor sy enigste bulletjie.

Die volgende week toe Hansie begin tuis raak, kom hy agter hulle het baie meer kos by die koshuis as by die huis. Hy sien van die groter kinders sit brood voor by hulle hemde in om te eet as hulle honger word. Toe dink hy oor sy ma. En hy dink oor sy pa wat nie pay kry nie. Eers sit hy aan tafel een sny brood voor by sy hempie in. Teen die derde dag ken hy die trick so goed, hy bring sommer baie brood kamer toe.

Vrydagaand na ligte uit, wag hy tot almal slaap. Dan klim hy deur die venster met die kussingsloop. Gelukkig is dit ligte maan.

Toe hy bo-op die berg kom en nie meer liggies sien nie, word hy bang. So bang dat sy hele lyfie ruk. Dan maak hy sy ogies toe en hy bid soos sy ma hom geleer het: “Liewe Jesus, ek is ’n kindjie klein. Maak my hartjie rein. Amen”.

Hy gaan weer verder tussen die lang gras en bome. Hy trap in ’n doring, maar vryf hom sommer so in die loop uit. Toe hy die groot klippe voor hom sien, dink hy hy moet maar liewer omdraai. Maar dan dink hy weer oor sy ma, en hy bid weer: “Liewe Jesus, ek is ’n kindjie klein.”

As hy sy ogies oopmaak, sien hy die voetpaadjie wat tussen die twee groot klippe deurgaans. Hy loop al met die voetpaadjie langs. Na ’n rukkie sien hy die stad se ligte. Die paadjie begin afdraend gaan. Dit raak al hoe styler. Net voor sy

moed hom weer begewe, sien hy die liggies net onderkant die berg. Dit moet Mountain View wees.

Sy ma kan haar oë nie glo toe sy die deur vir hom oopmaak nie. “Hoe kom jy hier? Wie’t jou gebring?” vra sy verbaas.

“Ek het oor die berg geloop,” antwoord hy saaklik. “Waar’s Pa?”

“Hy slaap. Hy het pay gekry,” antwoord sy sag.

Hy gee vir haar die sloop met brood. Sy begin huil toe sy dit sien. Van die brood is al kliphard, maar sy druk dit in water en eet gulsig. Hansie sien hoe honger is sy ma.

Nadat sy klaar geëet het, sê sy hulle moet ’n plan maak. As sy pa wakker word, sal hy hom daar hou. En hy kan nie daar bly nie. Hulle sal moeilikheid kry met die polisie as hy nie by die skool is nie. Sy wil nie moeilikheid hê met die polisie nie. Hulle is goeie mense.

Hy sê vir haar hy sal weer oor die berg loop. Hy ken nou die paadjie. Sy weier beslis. Hy kan nie in die nag so alleen oor die berg loop nie.

Hulle staan nog en praat oor hoe hy weer by die koshuis moet kom, toe kom die swaar stem uit die slaapkamer: “Wie praat so?”

“Dis die draadloos, Skat,” sê sy.

“Sit die blêddie ding af, ek wil slaap,” sê hy.

“Tata Ma,” sê Hansie sag, gryp die sloop en glip by die deur uit, straat toe. Hy loop al met die boonste straat tot hy die bergpaadjie kry. Die paadjie vat hom oor die berg tot waar hy die koshuis kan sien.

Die week daarna maak hy weer brood bymekaar. Van Woensdag af eet hy elke keer voor ete van die brood in sy kas, sodat hy nie te honger is aan tafel nie. Hy bêre die vars brood vir sy ma.

Vrydagaand as almal slaap, klim hy weer deur die venster met die sloop. Hierdie keer is dit nie ligte maan nie, maar sy oë raak na ’n rukkie gewoon aan die donker. Die paadjie oor die berg maak dit maklik.

Die huis se voordeur is toe. Hy weet sy pa het pay gekry. As sy pa pay gekry het, maak sy ma altyd al die deure toe, sodat die mense langsaan nie moet hoor nie. Hy klop saggies. Sy ma maak oop. Sy huil as sy sien dis hy.

Terwyl sy eet, vra sy hom uit: Hoe gaan dit by die skool? Slaap hy darem lekker in die nag? Is hy nie bang om so alleen oor die berg te loop nie?

Op al die vroeë antwoord hy met selfversekerdheid, byna met bravade: Hy bly lekker by die skool. Hy het baie maatjies. Een van hulle, Thysie, het 'n jagmes in sy kas. Thysie slaap met die jagmes onder sy kussing. Hy sê hy sal enige iemand wat hulle in die nag wil pla, vrek steek met die mes. Hulle is nie bang nie. Hy is ook nie bang om alleen oor die berg te loop nie. Die man wat na hulle kyk by die koshuis, lees vir hulle elke aand uit die Bybel. Hy sê Jesus is sterker as al die slegte mense.

Hulle hoor nie toe sy pa opstaan nie. Hy is reeds in die gang as hulle sy voetstap hoor. Grieta fluister: "Gou, kruip onder die tafel in." Hy gly van die stoel af en sit inmeekaargetrek onder die tafel.

"Wat de donner gaan hier aan?" vra Hendrik. "Waar kry jy die kos?"

"Ek ...," begin sy, maar hy klap haar voordat sy verder kom.

"Was jy strate toe? Ja jy was, jou teef! Nee, jy's nog slegter as 'n teefhond. Jy smyt mos jou kind weg. Te donners lui om hom self groot te maak. Nou moet die welfare na my bulletjie kyk."

Hy slaan haar met die vuis. Sy val van die stoel af. As sy op die vloer lê, gee hy haar 'n skop. Hy maak die brood bymekaar en gooi dit op die vloer. Dan trap hy dit fyn. "Hoereloon; dis hoereloon," mompel hy. Hy los haar net so en slinger terug kamer toe.

Hansie sit die hele tyd met groot oë en kyk na wat langs die tafel gebeur. Hy sien sy ma se wit gesig en die paar druppels bloed wat by haar mond uitkom. Hy hoor haar kreun.

As hy na 'n lang ruk doodseker is dat sy pa nie terugkom nie, kruip hy saggies onder die tafel uit. Hy vat 'n nat vadoek en vee sy ma se gesig af. Sy maak haar oë oop. Hy help haar om regop te sit. Na 'n rukkie help hy haar om weer op die stoel te kom.

Sy vra hy moet asseblief loop voor sy pa weer kom. Hy moet ook nooit weer vir haar brood bring nie. Sy sal regkom.

Hy vat sy sloop en gaan saggies by die deur uit. Dan sluip hy om die huis, straat op, berg se kant toe.

As hy in die donker kol bo-op die berg kom, word hy bang. Hy kyk kort-kort om. Sê nou sy pa ...? Elke bossie en klip word 'n donker figuur wat hom wil bespring. Dan begin hy huil. Eers sag, maar al hoe harder totdat dit die een hartverskeurende snik op die ander is. Hy begin drafstap. Hy hardloop. Hy hardloop so vinnig as wat hy kan. Op 'n draai val hy dat die gruisklippers spat. Sy knieë is vel-af, maar hy spring op en hardloop huilend verder.

Toe hy die koshuis sien, bedaar hy 'n bietjie. Hy klim saggies deur die venster en gaan lê op sy bed. Hy raak na 'n ruk aan die slaap, maar lê nog tot diep in die nag en snik.

Die volgende môre sien die toesighouer sy stukkende knieë. Hansie sê hy het die vorige aand al voor ete geval toe hulle buite gespeel het. Hy was bang om te sê hy het geval, want dalk raas Meneer met hom. Die toesighouer troos hom, ontsmet die seer plekke en plak pleisters op.

Daardie Donderdagaand lees die toesighouer vir die kleiner outjies eers uit Rigters die gedeelte oor Ehud. Hansie luister met oorgawe na die verhaal van die vet koning wat vir Ehud en sy mense so swaar laat kry het, en van die mes wat Ehud met sy linkerhand onder sy hemp weggesteek het, en hoe liewe Jesus hom gehelp het om die mes binne in die vet koning in te steek.

Daarna vertel die toesighouer as 'n toegif vir hulle die storie van Hansie en Grietjie: die heks wat vir Hansie wil opeet, en Grietjie wat so hard moet werk vir die heks. En van die oond en hoe bly Hansie en Grietjie was toe die slegte heks dood is. Hansie luister met ontstuiimige gedagtes.

Die Vrydagmiddag vra hy vir Thysie of hy asseblief sy jagmes kan leen. Hy wil net een aand voel hoe dit is om soos Thysie met 'n mes onder die kussing te slaap. Hy belowe om vir Thysie albasters te gee na die vakansie.

Die aand vat hy soveel brood as wat hy kan kamer toe. As hy na ligte uit seker is dat almal slaap, steek hy die mes met sy linkerhand voor by sy hempie in. Hy klim deur die venster met die kussingsloop. Hy ken die paadjie na die lekkergoedhuisie agter die berg baie goed.

Toe hy daar aankom en sien dat die voordeur toestaan, weet hy: die heks het pay gekry. Die heks slaap al.

As Grietjie hom sien, huil sy. Hy gee vir haar die kos. Sy wil hom vasdruk, maar hy sê vir haar sy moet eers eet, hy kom nou weer terug.

Hy maak die deur saggies agter hom toe. Hy loop op sy tone na die heks se kamer. Die heks lê daar soos 'n vet koning en snork. Die laken is tot oor sy maag getrek. Sy bors is oop.

Hansie ruik die suur en sien die braaksel op die vloer en op die bed. Die heks het seker weer te veel kinders geëet. Hy onthou hoe liewe Jesus vir Ehud gehelp het om die mes in die heks se maag te steek. Hy maak sy ogies toe en sê saggies: "Liewe Jesus, ek is 'n kindjie klein."

Dan haal hy die mes met sy linkerhand onder sy hempie uit. Hy vat die hef met al twee handjies vas, lig dit bokant sy kop en steek so hard as wat hy kan.

Die heks maak 'n snaakse geluid en probeer regop kom. Hy sien die heks se groot wit oë. Hy hoor hoe sê die heks: "My God ...". Dan hoës die heks. Die bloed is oral: in die heks se mond, op sy bors en op die laken.

Hansie gaan sit buite op die stoeprappie. Hy wag dat sy pa, die polisieman, moet kom om die heks weg te vat, sodat hy en Grietjie oor die berg kan loop – huis toe.

Queen Elizabeth

*Maar in die vlugtige séance van geheue
kan vergane dinge, versluierd, weer gebeur –
Charl-Pierre Naudé.*

Die ou vrou sit in haar kamer in die ouetehuis en wag. Die verpleegster het haar klaar aangetrek nadat hulle haar gewas het. Hulle bad haar net op 'n Saterdag; dan weet sy dit is Saterdag.

As hulle haar was, staan sy voor die wasbak, die verpleegster werk flink met die waslap oor haar gesig, deur haar armholtes en die voue tussen haar borste en haar bene, werk dan af na haar bene en haar voete. Hulle gooi poeier oor haar wit lyf en vryf dit in. Die verpleegster werk haastig want daar is baie werk. Hulle gooi die eerste die beste rok uit die kas oor haar kop. Vroeër het sy graag goed aangetrek.

Daarna is sy moeg en sukkel na die stoel voor die radio. Nou lê die lang dag voor. Sy gaan sit in die leunstoel met die gehekelde lap van Ragie oor die rugleuning. Sy wag vir die oggendgodsdienis kwart voor tien oor Radio Sonder Grense. Sy lees nie meer die Bybel met die fyn letters nie.

Die predikant oor die radio sê “Goeiemore luisteraars” en begin met die Skriflesing. Sy hoor net 'n stuk van die Skriflesing. Strome van lewende water sal uit jou binneste vloei, lees die predikant. Dan val sy oopmond aan die slaap. Sy droom van die tuin by haar groot huis. Sy droom van die groot roostuin, die baie veelkleurige blomme, en die baie water uit die rivier wat oor die tuin spuit. Maar sy slaap net rukkies-rukkies.

Sy skrik wakker as die telefoon lui. Dit gebeur deesdae min dat die telefoon lui. Die foon is net buite bereik langs die radio. Sy probeer eers die radio sagter stel. In haar haas draai sy die verkeerde knop. Die radio maak 'n suisgeluid. Sy lig met moeite uit haar stoel om die foon te probeer bykom. Waar is haar kiere tog? Sy tel die gehoorbuis eindelijk op. “Hallo, hallo ...” sê sy, maar daar is niemand aan die anderkant nie. Dit kan haar dogter wees om te sê of sy vanmiddag oorkom. Haar dogter is baie besig en daar is baie onderbrekings in haar vol

lewe. Sy is gedurig aan die rondry agter die kinders aan, en het 'n groot tuin wat sy meesal self bewerk.

Sy kyk na die muurhorlosie met die groot syfers bo haar bed. Kwart oor tien. Nou-nou kom hulle met die teetrollie. Die tee in die dik koppie is wit met baie melk en dis gewoonlik koud. Sy drink selde meer uit die fyn wit porseleinkoppies in haar kombuiskas. Die ou vrou sit en wag op die geratel van die teetrollie met die dik wit koppies.

Vroeër was teetyd die tyd wanneer sy die koerant gelees het. Die skrif het nou vir haar te fyn geword. Haar dogter teken vir haar in op die koerant, maar dit lê onoopgemaak eenkant. Ma moet bybly, sê haar dogter. Dinsdae bring hulle die boeke met die groot druk van die biblioteek af na die voorportaal van die ouetehuis. Dis meesal boeke van Ena Murray. Dit interesseer haar eintlik nie. Vroeër het sy tuin gemaak, teepartytjies gehou en rolbal gespeel.

Ragie, haar enigste ander vriendin in die ouetehuis, luister elke middag stories oor die radio. Dan wil sy nie gesteur wees nie. Ragie lees ook grootdrukboeke. Ragie sê sy is tevrede so in die ouetehuis.

Japie en sy vrou Bettie in die woonstel langsaan is haar ander vriende in die tehuis. Japie is nou baie doof en Bettie het 'n beroerte-aanval gehad. Bettie was vroeër 'n baie mooi vrou. Nou is haar regterarm verlam, en die een kant van haar gesig is skeefgetrek. Dit maak haar moeg om by hulle te kuier. Daar is maar min inwoners met wie sy gesels. Die meeste praat oor siektes en hulle kinders en dit verveel haar gou.

Nou sit sy maar en wag vir middagete. Woensdae kry hulle gebraaide vleis, rys, aartappels, groente en poeding. Sy hoop dis Woensdag. Haar dogter op die dorp kom elke tweede dag. Sy dink dis vandag die tweede dag. Haar dogter bring snoeperye, en kyk na haar klere en haar voorkoms. Vroeër was haar hare altyd netjies gekap en haar naels rooi geverf. Haar man het haar "Queen Elizabeth" genoem, na die groot pienk roos in die tuin. Sy maak weer haar oë toe en sien haar so staan, regop en adellik in haar roostuin, met 'n bos pienk rose met dou op in haar arms.

Baie later hoor sy die geratel van die kostrollie met die middagete in die gang. Van 'n paar maande gelede af eet sy nie meer in die eetkamer nie. Sy het nooit voor die eetkamerdeur saam met die wagtende ry oumense gesit wat van elfuur af al daar sit nie.

Die verpleegster bring haar kos op 'n skinkbord in. Die kos is toegemaak onder 'n blink deksel om warm te bly. Die geel jellie en vla is oop langsaan op die skinkbord.

Die verpleegster bind 'n bruin borslap met 'n sakkie aan om die kos op te vang om haar nek. "Al haar kos opeet, hoor!" sê die verpleegster.

Sy eet eers die porsie hoender. Sy eet in stilte. Sy sukkel die ertjies en die rys op haar vurk. Van die korrels val van die vurk af in die sakkie in die borslap. Daarna eet sy die jellie en die vla net half. Dan sit sy en wag dat die verpleegster die lê skinkbord kom haal.

Na ete is dit tyd vir haar middagrus. Sy loop stadig met haar kerie bed toe. Sy skakel weer die radio aan om uit gewoonte na die middagnuus te luister. Dis nog nie tyd vir die nuus nie. Sy dommel reeds onder die weervoorspelling in. Dié slag droom sy sy sit aan die groot gedekte tafel van haar huis met die goeie porselein en silwer, en die blomme op die tafel. Sy skrik wakker as die radio-omroeper twee-uur "Sê wie?" aankondig. Sy wil na die stoel voor die radio oorskuif, maar kry nie haar kerie nie. Dit moes van die bed afgeval het toe sy geslaap het. Nou lê en wag sy vir iemand om haar te kom help. Sy druk nie die klokke nie. As sy die klokke lui, lui dit lank in die kantoor van die siekeboeg, want daar is baie inwoners wat klokke lui.

Die tyd gaan so stadig verby. Sy lê en wag vir die tyd om verby te gaan.

Later kom haar dogter die kamer binne. Sy groet hard. "Wat lê ons so?" vra die dogter. Dan stap sy na die venster toe en gooi dit oop. "Dit ruik bedompig in die kamer, Ma moenie die vensters so toe hou nie!" Sy kom sit voor haar bed. "Kom ek help Ma op," sê sy dan.

Haar dogter trek haar uit die bed op en neem haar na die stoel toe. Sy het 'n bos pienk rose, beskuit, melk en marshmallow-lekkers gebring. Die pienk rose kom uit die groot tuin wat haar dogter self bewerk. Sy is 'n flukse kind; sy sit doelgerig die beskuit in 'n blik en die melk in die klein yskassie in haar ingeboude kombuis. Sy haal 'n glaspotjie uit die kombuis en steek die rose in. Haar dogter praat oor wat sy vandag gedoen het, en nog moet doen.

Dan stoot sy haar vingers deur die yl grys hare van haar ma. "Het hulle onthou van Ma se haarbestelling? Dit lyk of Ma se hare nie gedoen is nie". Dis die dae wanneer hulle haar in die rystoel kom haal en na die haarsalon langs die kantoor stoot. Sy kan nie onthou nie, die dae is so eenders.

"Ek weet nie," sê sy, "ek weet nie of my hare gedoen is nie." Die dogter buig oor haar ma en stof los hare en stof van haar trui af. "Ma se kenbaard is stekels. Ons sal iets daaraan moet doen. Gee hulle Ma se pille gereeld?"

"Ja," sê sy, "ja, ek dink hulle gee die pille."

Haar dogter gooi die kaste oop. Sy kyk deur haar ma se onderklere. “Ma het kouse nodig,” sê sy. “Ek sal bring”. Alles doen sy hard en vinnig. “Is Ma lus vir ’n koppie tee?” “Ja,” sê sy, “ja, ek is lus vir ’n koppie tee.”

Haar dogter maak die kombuiskas oop en skakel die ketel aan. Dan bring sy vir haar tee op ’n skinkbord met ’n skinkbordlappie in die fyn pienk Rosenthal-koppie. Haar dogter drink nie saam nie, sy sê sy is haastig. Haar ou hand bewe en sy mors van die tee in die piering.

Na ’n tyd sê haar dogter sy moet nou gaan, sy moet die kinders by die sportveld kry. Sy kom oormôre weer. As haar dogter die deur toemaak, lê die lang middag voor tot vyfuur. Sy sit en kyk na die pienk rose in die glaspot.

Vyfuur bring hulle die aandkos en haar pille. “Kyk die bos mooi rose,” sê die verpleegster. Die aandete is sop, ’n vrug, en toebroodjies in ’n tupperware-bakkie. Daarna trek hulle haar uit vir die nag.

Die ou vrou lê vyfuur in die middag in haar nagrok en kyk na die bos pienk rose in die glaspot. Sy lê en wag vir die nag en die drome om te kom.